SMS

Vol 2 / 2011

LMS se Sterre

Oosstraat 93, Posbus 99, **Vryheid, KZN, 3100**
Tel: (034) 981-5006 / 981-5054
Faks: (034) 983-2127
E-pos: skool@lucasmeyer.co.za
Webblad: www.lucasmeyer.co.za

1.Jean Aucamp

2. Imke van Rooyen

3.Shene de Villiers

4.Bea Strydom

Baie geluk aan ***Jean Aucamp*** wat ingesluit is in die o/13BKZN-rugbyspan. Hy is ook aangewys as die onderkaptein van die rugbyspan. Ons is trots op jou! Jean het tot dusver puik spel op losskakel gelewer alhoewel hy die KZN span as senter verteenwoordig.

Imke van Rooyen is ingesluit in die Inlands-KZN hokkiespan. Sy speel in die "link" posisie en is een van die staatmakers in LMS se eerstespan. Sy het ook vanjaar diens gedoen as kapteine van die span. Sy is 'n kranige sportster waarmee gereken moet word in verskeie sportsoorte en behaal NKZN in swem en tennis. Sy het ook Natalkleure vir atletiek.

Shené de Villiers 'n graad 4 leerling het onlangs, as deel van 'n KZN-span, deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Uitvoerende Kunste. Shané behaal in vier van die volgende afdelings 'n bronsmedalje: Duet-Komies, Duet-Ope, Trio-Komies en Trio -Ope. Sy het ook deelgeneem aan 'n oudisie vir die Angus Buchan rolprent "Ordinary People". Mooi so Shené!

Bea Strydom het onlangs die Gawie Cellie, FAK Junior Musiekbeurs, ontvang. Hierdie beurs word slegs aan een leerling in die land toegeken. Wat 'n uitsonderlike prestasie. Dit is 'n aansienlike kontantbedrag wat aan die leerlinge toegeken word. Geluk Bea!

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Nog 'n besige en senutergende tweede kwartaal 2011 is iets van die verlede. Senutergend! Ja, want veral langs die sportvelde is daar deur afrigters en ouers geskree, gespring en naels gekou. Uiteindelik was dit alles die moeite werd. Ons sportspanne het altyd netjies vertoon en deurgaans goeie rekenskap gegee. In so 'n mate dat verskeie spanne onoorwonne is. Ons skool is goed verteenwoordig in die onderskeie provinsiale spanne en hierdie leerlinge moet nog aan verskeie toernooie deel neem gedurende die vakansie.

Daar is ook op verskeie ander terreine mooi prestasies behaal. Ons is veral baie trots op ons skoolkoor wat 'n silwer toekenning ontvang het tydens die ATKV se landwye korekompetisie.

As die bogenoemde en ander prestasies wat in hierdie SMS verwoord en verbeeld is in ag geneem word, kan geen LMS'er anders as dankbaar teenoor ons Hemelvader wees nie.

Baie dankie aan elke afrigter, leidster en ondersteuner van ons skool vir dit wat vermag is die afgelope kwartaal. Baie dankie aan elke leerling wat betrokke was en baie geluk aan elkeen wat 'n mooi prestasie behaal het.

Ons wens ons provinsiale deelnemers sterkte toe met hulle verdere deelname. Mag die wintervakansie ook aan almal wat dit beskore is, 'n heerlike rustyd bied. Geniet die later slaap en druk so die winterkoue in 'n blik.

Na aanleiding van ons mooi suksesse spreek die volgende anonieme spreuk boekdele.

" Die deur na sukses word goed bewaak. Niemand kan ingaan wat nie hard gewerk, lank gewag en skoon gespeel het nie".

Musiekaand en koorfees

ATKV-KOREKOMPETISIE

Op Donderdag, 26 Mei 2011, is die ATKV Applous Kore Streekskompetisie in ons skoolsaal aangebied. Lucas Meyer, sowel as Huttenpark Laerskool se kore het 'n silwer toekenning ontvang. Onder leiding van mev. Esbé Strydom is 'n baie suksesvolle aand aangebied. 'n Vol saal het waarde vir hulle geld gekry. Baie dankie en geluk aan elke koorlid asook mev. Strydom (koorleidster) en mev. Tienie Meyer (Begeleidster)
Die ATKV-verteenwoordiger, mnr. Johan Esterhuizen was ook vol lof vir die puik reëlings en warm ontvangs.

Holkrans-kransleggging

Gr 7 en 6 hou markdae

Gr 6 Konsert

LMS Minitoernooi

1ste rugbyspan geborg deur SPAR!

BORGSKAP EN SPESIALE "LOYALTY"-KAARTPROJEK—SUPERSPAR

Mnr Stephen Smith van SPAR het 'n "loyalty"-kaartprojek geloods waarby die skool 'n finansiële voordeel gaan geniet. Kom kyk gerus hoe speel die manne rugby op die skerm in **SPAR!! Hulle wen en hulle wen en hulle wen .....**

Provinsiale verteenwoordiging

RUGBY
Jean Aucamp
Ewart Potgieter
Johnny Blaauw
Leon Groenewald
Wynie Lens
Hans Opperman
De Wet Meyer
Dylan Wessels

HOKKIE

Imke van Rooyen
Chané Führi
Rochelle Odendaal
Juliette Muller

Geluk aan LMS se eerstespan afrigters met hul pragtige suksesse! LMS se tellings eerste gegee! Laat die "scoreboard" maar al die praatwerk doen! Mooi so!

	PAULPIET	PONGOLA	DRAKENSB	MONUMENT	PIET RETIEF	HUTTENPARK	NRS
RUGBY	57-0	71-0	43-0	32-0	Uitgereën	14-9	61-0
HOKKIE	8-0	2-1	5-0	Proewe	Uitgereën	0-1	3-0
NETBAL	16-11	21-0	Proewe	24-0	7-4	18-4	17-7